1 Oktober

Eksodus 4:1-10

(Teks: 4:1 en 10)

Ek kan dit nie doen nie!

Ná God se bemoediging móét Moses bereid wees om te gaan. Maar moenie glo nie! Hy vra: "Sê nou die Israeliete glo my nie?" En hy kla: "Ag, Here, ek kan nie goed praat nie". Met ander woorde: *Ek kan nie.*

Toe Moses vir die Here gesê het: Ek durf nie, het ons simpatie met hom gehad. Maar nou nie meer nie. Sy weiering is sonde - die sonde van ongeloof en ongehoorsaamheid! 40 jaar gelede wou hy, *sonder* opdrag van die Here, die volk uitlei. Maar nou glad nie, selfs *met* die hulp van die Here.

Maar God is lankmoedig. Hy laat Moses selfs wonderwerke doen om sy geloof te versterk. In die eerste wonderwerk laat Hy Moses die slang - beeld van die duiwel - oorwin. In die tweede wonderwerk laat Hy Moses melaatsheid - beeld van die sonde - oorwin. En in die derde wonderwerk laat Hy Moses die Nyl - beeld van die mag van Egipte - oorwin. En by dit alles verseker die Here vir Moses: "Ek sal jou help met die praat en jou leer wat jy moet sê."

Die woord "kan nie" is dood! As die Here ons roep, maak Hy ons deur sy Gees bekwaam vir ons roeping. En as ons moedeloos is, kom Hy ons tegemoet deur ons te verwys na dit wat op Golgota gebeur het. Want dáár het sy geliefde Seun, Jesus Christus, die ou slang, die Satan, oorwin. En dáár het Hy die melaatsheid van ons sonde volkome weggeneem en ons met God versoen. En daarom *kan ons*!

Sing Psalm 23:2

Dr. C J. Malan (Emeritus)